Decoligny: Toe en nou

Vooraansig van ons kerkgebou

Die grond wat vandag bekend staan as Decoligny, het oorspronklik behoort aan Afrikaanssprekende Blanke boere wat die grond van die plaaslike hoofman, Ngangelizwe so ver terug as 1869 ontvang het. Hy het die grond aan hulle gegee om as 'n buffer te dien tussen sy mense, die Temboes, en die Pondo, wat aan die ander kant van die Umtata rivier gewoon het.

In 1898 is die grond van die plaas, Roodeheuwel, die huidige Decoligny, gekoop vir gebruik deur die plaaslike NG Kerk Umtata. 'n Kerkgebou vir die NG Kerk is in 1900 daarop gebou. Die fondament van daardie kerkgebou is vandag nog sigbaar op die terrein van die ou Teologiese skool. 'n Skool en koshuis vir die kinders van die blanke boere is ook hier gebou en was vir baie jare in gebruik. Dit het later die skoolgeboue van die Teologiese skool geword.

Later toe die dorp Umtata meer gegroei het en al meer mense gaan woon het waar die huidige dorp vandag is, is daar besluit om 'n nuwe kerkgebou daar op te rig. Die grond aan die oewer van die Cicira rivier is toe aan 'n mnr. Meyer verkoop.

Die kerkraad van die NG Kerk Umtata het later besluit om grond beskikbaar te stel vir 'n Teologiese skool vir Xhosa Evangeliste. Hierdie stuk grond is, later genoem Roodeheuwel, is in 1940 teruggekoop deur die kerkraad van die NGK Umtata vir die bedrag van £800 van mnr. Krogh op voorwaarde dat dit vir Sendingwerk gebruik moes word. Die plaas is herdoop na Decoligny ter ere van Ds. George de Coligny Murray wat as leraar van die NGK Umtata van 1926 – 1943 hier gewerk het en baie gedoen het om die Woord van God onder die Xhosa uit te dra.

Die kerkraad van die NGK Umtata het die grond aan die Sinodale Sendingkommisse van die NGK geskenk vir gebruik om 'n Sendingstasie te bou. Ds. JC Oosthuysen, wat daardie tyd op Isilimela gemeente gewerk het, het reeds begin beplan om hier op die grond 'n plaasskool te begin. Dit was dan die grond waar die Teologiese skool later begin is.

Die werk van die Teologiese skool is op 10 Augustus 1943 begin toe 5 vroue deur mej. Theron as geestelike werkers opgelei is. Die nood vir Xhosa Evangeliste het al hoe groter geraak en op 10 Februarie 1946 is die opleiding van 4 studente deur Ds. Oosthuysen begin.

Ander dele van die grond is of gekoop of as geskenk van die plaaslike boere ontvang en oorgedra aan die NGK in Suid-Afrika in die jare tussen 1942 – 1962.

Die werk in die omgewing van Decoligny het teen die begin van die 1940's begin en die Sendingstasie Decoligny, is in 1942 begin. Die NG Bantoekerk, soos dit daardie tyd genoem is, is op 7 November 1951 gestig. Decoligny gemeente was een van die 8 gemeentes wat daardie tyd bestaan het en deelgeneem het aan die stigting van die nuwe kerk.

Die pastorie van Decoligny is gedurende 1956 gebou en die kerk in 1962/1963. Die gemeente van Decoligny het begin met die bou van die slaapsale van Bet-El konferensie geriewe in 1995. Die konferensie saal / eetsaal is in 1998 gebou.

Die gemeente wat eers 'n "werkkring" van die Sending van die NG Kerk genoem is, het ontwikkel tot 'n volwaardige gemeente, wat as gemeente in 1973 gestig is.

Die leraars van Decoligny:

JC Oosthuysen	1942 – 1952	PES Smith	1949 – 1954
JA Greyling	1954 – 1955	BW Wooding	1955 – 1987
AM Pienaar	1954 – 1955	DJ Conradie	1956 – 1958
DH Odendaal	1957	JL Strydom	1958
MM Smit	1959 – 1968	GP Burger	1967 – 1992
WGP Botes	1984 – tans		